Verwysing: 20210114-523
Lêerno.: 12/2/10/3
Navrae: L.R. Abrahams

Inrigtingsontwikkeling en -koördineringsminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Daaglikse sifting van leerders vir COVID-19

1. Die regulasies betreffende COVID-19 verg dat leerders daagliks gesif moet word vir simptome van Koronavirusinfeksie wanneer hulle by die skool aankom.

2. Die doel van hierdie omsendminuut is om te bevestig dat skole moet voortgaan met die vaslegging van die siftingsdata van alle gewone openbare en spesiale skole se leerders totdat die wetlike vereiste amptelik ingetrek word.

3. Om gevalle doeltreffend na te spoor, sal die data in 'n sentrale databasis vasgelê moet word, en die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het derhalwe gekies om voort te gaan met die gebruik van die huidige algemene funksie om die data van alle leerders vas te lê.

4. Dit is dus **VERPLIGTEND** vir alle skole om die daaglikse sifting van leerders vas te lê deur die volgende skakel te gebruik: https://wcedemis.westerncape.gov.za/wced/lnrcovid.html.

5. Skole mag nie hulle eie stelsels of funksies gebruik om die daaglikse sifting van leerders vas te lê nie; hulle moet die amptelike WKOD-funksie gebruik.

6. Ons wil graag alle inrigtings vir hulle ondersteuning en begrip in hierdie tyd bedank.

7. Alle navrae in verband met die bogenoemde aangeleentheid kan aan die betrokke kringbestuurder in elke kring of aan die Hoof: Bestuur en Beheer in elke distrik gerig word.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendminuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2021-01-19